


UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/16) (Volg my op justchad_cga)

Justin Chadwick 24 Junie 2016

"I am always ready to learn although I do not always like being taught" Winston Churchill

SAGTE SITRUS: SATSUMAS EN CLEMENTINES SE SEISOEN IS KLAAR

Die Sagte Sitrus Fokusgroep het die afgelope week vergader en besluit om hul voorspelling met 200 000 katonne te verhoog. Dit is tesame met lewendige markte wat gesien het dat die Satsuma volumes die skatting met 100 000 katonne oorskry; en 'n groter oorskryding van die skatting vir clementines word verwag (die syfer van 3 miljoen katonne wat alreeds gepak is oorskry die skatting van 2.722 miljoen katonne). Die groep verwag 'n marginale afname van hul oorspronklike mandarin voorspelling.



Die Suidelike halfrond se sagte sitrus verskeppings het tot op datum na die Verre Ooste, EU (uitgesluit VK) en Noord-Amerika toegeneem, afgeneem na Rusland en die VK, en het bestendig gebly na die Midde-Ooste. Die groei na die Verre Ooste en EU word gedryf deur groter volumes van Suid-Afrika; terwyl die groter volumes in VSA weens toename in verskeppings van Chili is. Argentynse volumes na Rusland het aansienlik gedaal, terwyl die afname na die VK grootliks te wyte is aan minder Suid-Afrikaanse verskeppings. Hierdie prentjie kan verander soos ons die laat mandarin seisoen betree (John Edmonds: CGA Information Manager).

MOENIE MISLEI WORD DEUR DIE TOENAME IN VROË VOLUMES VAN NAWELS NIE

Die Nawl Fokusgroep het ook hierdie afgelope week vergader en hul boodskap is duidelik; die nuutste terugvoer en die streke se projeksies dui op 'n vroeë einde aan die nawel seisoen en hoë-tempo verpakking. Die finale uitvoer volume sal na verwagting 22,5 miljoen katonne wees; 2,6 miljoen katonne of 10,5% minder as die aanvanklike skatting. Dit is ook 8% minder as 2015 se finale volumes wat gepak is.

GEPAK EN VERSKEEP

Tot einde Week 17/6/16 Miljoen 15 Kg Karton	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Anvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2014	2015	2016	2015	2016	2016	2016	2015
Pomelo's	12.9 m	12.7 m	10 m	9.2 m	6.9 m	12.4 m	12.1 m	16.1 m
Sagte Sitrus	6.3 m	5.8 m	7 m	4.5 m	5.8 m	11.2 m	11.4 m	10 m
Suurlemoene	8.3 m	9.1 m	9.2 m	7.5 m	8.3 m	16.1 m	16.1 m	15.1 m
Nawels	12 m	12.2 m	13.5 m	6.6 m	9.9 m	25.1 m	22.5 m	24.5 m
Valencias	2.8 m	2.1 m	1.6 m	0.3 m	0.9 m	46.4 m	46.4 m	52.7 m
Totaal	42.3 m	41.9 m	41.3 m	28.1 m	31.8 m	111.2 m	108.5 m	118.3 m

SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)